JUNE 2022

# BERGRIVIER BULLETIN

*Quarterly External Municipal Newsletter*



*A delegation from the National Department of Cooperative Governance and Traditional Affairs visited Bergrivier Municipality on 13 April 2022 to discuss the implementation of the Small Town Regeneration Strategy for Piketberg. The Deputy Executive Mayor of Bergrivier Municipality, Alderman Mario Wessels, welcomed the delegation to the area.*

## PIKETBERG PART OF GOVERNMENT'S SMALL TOWN REGENERATION PROGRAMME

*By Matthew Sheldon*

A delegation from the National Department of Cooperative Governance and Traditional Affairs visited Bergrivier Municipality on 13 April 2022, to discuss the implementation of the Small Town Regeneration Strategy for Piketberg, which forms part of the pilot project.

The purpose of this programme is to bring about decisive spatial transformation within the town, by addressing any blockages hampering the regeneration process and determining how this process can be promoted to ensure progressive development.

"The idea behind this programme is to really understand what the developmental needs are for Piketberg, so that we can build towards creating sustainable communities for current and future residents. In doing so, this programme needs to touch on safety, a spatially enabling environment, social development, green and open spaces, an inclusive local economy and how all these aspects can be integrated," said Deputy Executive Mayor Alderman Mario Wessels.

The Piketberg Precinct Plan, adopted by Council on 23 February 2021, will form the basis for the implementation of the Small Town Regeneration Programme. We serve with pride in Bergrivier Municipality!

IN THIS ISSUE:


VESEL-INSTALLASIE VIR BERGRIVIER pg.2

BERGMUN'S R12,42 MILLION PROJECT pg.3

PIETIE FREDERICKS JEUGSENTRUM AMPER VOLTOOI pg.4

REVENUE ENHANCEMENT PROGRAMME pg.5

PAASNAWEEK PADBLOKKADE 'N REUSE SUKSES pg.6

JUNE 2022 IS ETHICS MONTH pg.7

REDELINGHUIS KRY BERGFIETSROETE pg.8

INDIGENT SUBSIDIES pg.9






# OPTIESE-VESELINSTALLASIE-MAATSKAPPYE DRUK BESIG OM HOËSPOED INTERNET NA BERGRIVIER TE BRING

*Deur Matthew Sheldon*

Bergrivier Munisipaliteit verstaan dat al sy inwoners graag toegang tot hoëspoed-internet wil hê, wat verskeie aspekte van ons daaglikse lewe sal verbeter. Die Covid-19 pandemie se beperkende veiligheidsregulasies het die publiek gedwing om gebruik te maak van ander fasiliteite eerder as hul normale werks- of opvoedingsplekke, wat sonder vinnige en betroubare internet ons daaglikse lewens verder negatief kan beïnvloed.

Ongelukkig bring sulke ontwikkelings tydelike negatiewe aspekte mee, soos onsmaaklike voorkoms van die dorp, belemmerde toegang tot eiendom en onderbreking van dienste.

Munisipaliteite is onder geweldige druk van nasionale/provinsiale regering, besighede en die publiek om die verskaffing van optiese vesel te bespoedig, as 'n toevoeging tot die standaard noodsaaklike dienste wat aan ons inwoners gebied word.

Die Munisipaliteit se bestuurs- en toesigfunksies tydens die installering van optiesevesel, deur die diensverskaffers, word fyn gebalanseer tussen die poging om die installasie vinnig te laat vorder en om te verseker dat wetgewing en interne beleide nagekom word.

Die Munisipaliteit en die optieseveselinstallasiemaatskappye het 'n ooreenkoms aangegaan om mekaar se belange te beskerm en om die publiek te bevoordeel uit vinnige en doeltreffende internet.

Die ooreenkoms sluit voorwaardes en spesifikasies in wat aan toepaslike wetgewing en beleide voldoen. Die ooreenkoms sluit ook uitleg-planne in wat posisies van vesel, oorhoofse en ondergrondse roetes deur privaat en openbare eiendomme verskaf. Munisipale personeel van die Direktoraat Tegniese Dienste is geïdentifiseer om toesig te hou oor nakoming ingevolge die ooreenkoms.

Bankwaarborge is ten gunste van die Munisipaliteit verskaf vir 'n maksimum duur van 12 maande na voltooiing van die projek ingeval latente defekte opduik. Die optiese-veselinstallasie-maatskappye moet ook betaal vir enige verliese wat die Munisipaliteit tydens die projek ly, soos pypbreuke en waterverliese wat bo en behalwe die bankwaarborg is.

Vir enige navrae, kontak gerus Mev. Magaretha van der Westhuizen by Bergrivier Munisipaliteit by 022 913 6085.



# BERGMUN'S R12,42 MILLION ROADS, STORMWATER AND SIDEWALKS PROJECT NEARING COMPLETION

*By Matthew Sheldon*

Bergrivier Municipality's largest capital project for the 2021-2022 financial year valued at R12,42 million, for the upgrading of roads, stormwater and sidewalks in low cost housing areas within the various towns across the region, is nearing completion.

The project covers the towns of Aurora, Eendekuil, Piketberg, Porterville, Redelinghuis and Velddrif.

In terms of the Constitution, the provision of housing is a function of National and Provincial Government, and funding received from these spheres of Government was not sufficient to provide for paved sidewalks and the upgrading of roads in most housing projects in the past. Funding has now been made available to Bergrivier Municipality, through the Municipal Infrastructure Grant Programme (MIG), to upgrade sidewalks and roads in low cost housing areas.

According to Rohann Stander, Manager: Project Management Unit at Bergrivier Municipality. approximately 844 households (amounting to about 4220 people) will benefit from these upgrades. "*The upgraded road surface including sidewalks will improve pedestrian traffic, especially for people with disabilities or limited mobility, who need to venture to places of worship, schools and commercial areas along public transport routes," said Stander.*

The work currently being done in the various towns are as follows:
Aurora: R1 million ( Approx. 340m of paved sidewalks);
Eendekuil: R2 million (Approx. 740m of paved sidewalks);
Piketberg: R3 million (Approx. 1 301m of paved sidewalks);
Porterville: R1.5 million (Approx. 559m of paved sidewalks);
Porterville: R927 127 (Roads and Stormwater in Smit Street, Porterville South);
Redelinghuis: R1 million (Approx. 340m of paved sidewalks); and
Velddrif: R3 million (Approx. 1 145m of paved sidewalks).

Part of the MIG conditions are that unskilled labour be sourced from local communities. This project, therefore, created 34 temporary work opportunities for local people.

The practical completion of this project is scheduled for 30 June 2022. Further phases of this project are planned for the coming years.







# PIETIE FREDERICKS JEUGSENTRUM IN PIKETBERG AMPER VOLTOOI

*Deur Amerandi Valentyn*



Die langverwagte Pietie Fredericks Jeugsentrum se bouwerk vorder goed. Daar word verwag dat die jeugsentrum 'n sentrum van uitmuntendheid sal wees vir die jeug en holistiese jeugontwikkeling sal fasiliteer. Bergrivier Munisipaliteit het ICA (Initiative for Community Advancement) aangestel om die sentrum te bestuur. Die jeugsentrum word in 2 fase voltooi met die opleidingsaal, kantoorspasie en nasorgfasiliteit wat in fase 1 voltooi word. Fase 2 sluit in 'n rekenaarsentrum en verdere opleidingsfasiliteite. Slegs plaaslike kontrakteurs is gebruik in die projek en dit is duidelik dat daar potensiaal in ons gemeenskap is in die konstruksie bedryf.

**Fotos (onder)** van links wys hoe hard daar gewerk word om die Jeugsentrum betyds klaar te kry. Op die regterkantste foto is die mure reeds geverf en die kontrakteurs is tans besig met afrondingswerk. Bergrivier Munisipaliteit is baie opgewonde oor die verskil wat hierdie fasiliteit in ons gemeenskappe gaan meebring.





# REVENUE ENHANCEMENT PROGRAMME IN BERGRIVIER

## "Residents urged to assist the Municipality"

*By Amerandi Valentyn*

Bergrivier Municipality is currently busy conducting its Revenue Enhancement Programme across the municipal area, to collect information from residents property with regards to water and electricity readings and the verification thereof, as well as personal information.

Bergrivier Municipality, in partnership with Ducharme Consulting, has embarked on this Revenue Enhancement process since November 2021. Regular targeted communication related to this programme will be issued on all official Municipal platforms for the duration of this project.

There are currently 11 field workers that form part of this programme. All fieldworkers are clearly identifiable as they are obliged to wear official name tags when on duty. There are flyers being distributed within the various towns which displays each fieldworkers photo and full names. They, however, do not work normal office hours and may approach your property in the late afternoon.

All personal information captured by the fieldworkers related to account holders are protected, kept confidential, and only used for Municipal purposes. This information is not provided to any third party.

In addition to the personal information that is updated, all measuring instruments are also checked, and various tests must be done on some of the instruments, as well as determining the necessary coordinates where the measuring instruments are installed. Access to these metered instruments are determined in terms of the Municipal By-laws and you are kindly requested to give the necessary access to the persons to obtain the information.

If you are unsure about allowing any of these field workers onto your property, kindly call Ryno Engelbrecht at Ducharme Consulting at 081 313 3198.

Bergrivier Munisipaliteit is tans besig om sy Inkomsteverbeteringsprogram regoor die munisipale gebied uit te voer, om inligting van inwoners se eiendom in te samel met betrekking tot water- en elektrisiteitlesings en die verifikasie daarvan, asook persoonlike inligting.

Bergrivier Munisipaliteit, in vennootskap met Ducharme Consulting, het hierdie Inkomsteverbeteringsproses begin sedert November 2021. Gereelde geteikende kommunikasie met betrekking tot hierdie program sal vir die duur van hierdie projek op alle amptelike Munisipale platforms uitgereik word.

Daar is tans 11 veldwerkers wat deel vorm van hierdie program. Alle veldwerkers is duidelik identifiseerbaar aangesien hulle verplig is om amptelike naamplaatjies te dra wanneer hulle aan diens is. Daar word pamflette in die verskillende dorpe versprei wat elke veldwerker se foto en volle name vertoon. Hulle werk egter nie normale kantoorure nie en kan u eiendom in die laatmiddag besoek.

Alle persoonlike inligting wat deur die veldwerkers vasgelê word, wat verband hou met rekeninghouers word beskerm, vertroulik gehou en slegs vir munisipale doeleindes gebruik. Hierdie inligting word nie aan enige derde party verskaf nie.

Buiten die persoonlike inligting wat opdateer word, word alle meterinstrumente ook nagegaan, en moet verskeie toetse op van die instrumente gedoen word, asook die bepaling van die nodige koördinate waar die meterinstrumente geïnstalleer is. Toegang tot hierdie meterinstrumente word in terme van die Munisipale Verordeninge bepaal en word u vriendelik versoek om die nodige toegang aan die persone te gee, ten einde die inligting te bekom.

Indien u onseker is oor die toelating van enige van hierdie veldwerkers op u eiendom, bel asseblief vir Ryno Engelbrecht by Ducharme Consulting by 081 313 3198.

# PAASNAWEEK PADBLOKKADES 'N REUSE SUKSES

*Deur Amerandi Valentyn*

"Ek is trots om aan te kondig dat daar geen sterftes was op ons paaie gedurende Paasnaweek nie. " Só het Cavin Cornelissen, Hoof: Verkeersdienste by Bergrivier Munisipaliteit, gesê. Dankie aan alle motoriste, voeg hy by, wat versigtig op ons paaie gery het en wat gereeld die verkeersreëls nakom.



Die afgelope Paasnaweek (April 2022) het verskillende rolspelers soos die SAPD, Verkeers- en Wetstoepassingsdienste, CapeNature, Mediesenooddienste, Redelinghuis Buurtwag en Brandweerdienste deel gevorm van verskeie padblokkades in die Bergrivier Munisipale Gebied.

Die doel van die padblokkades is om te verseker dat motoriste se bestuurslisensie en voertuiglisensie skyfies geldig is. Dit is ook om seker te maak dat voertuie padwaardig is, en dat motoriste die padreëls gehoorsaam. Ander rolspelers kyk ook vir enige dwelms of diere wat onwettig vervoer word.



Die Uitvoerende Onderburgemeester, Raadsheer Mario Wessels sê hy is baie trots oor hoe die verskillende rolspelers saamgewerk het om 'n sukses van hierdie padblokkades te maak. "Ons padblokkades, veral gedurende 'n Paasnaweek, is suksesvol omdat alle relevante rolspelers betrokke is en 'n fantastiese diens kon lewer," het Wessels gesê.

Honderde voertuie is gedurende Paasnaweek afgetrek en daar is meer as 40 boetes uitgereik vir verskeie oortredings. Cornelissen het ook gesê dat 'n span uitgestuur is om oopruimtes, strande, oorde en hawegebiede te patrolleer.

"Ons doen 'n beroep op alle motoriste om binne die spoedgrense op ons paaie te bly en om nie onder die invloed van alkohol te bestuur nie," het Cornelissen afgesluit.








# JUNE IS ETHICS MONTH: ETHICS = TRUST = HIGH PERFORMANCE



In onlangse nuus het ons opgemerk dat meer sake met betrekking tot onetiese gedrag veral in Plaaslike Regering voorkom in Suid-Afrika. Wat meer verbasend is, is die feit dat die mees onetiese gedrag plaasvind in organisasies wat beweer dat hulle hoë morele en etiese waardes handhaaf en die meeste van hierdie organisasies het baie goeie etiese kodes. Munisipaliteite in Suid-Afrika het gedragkodes vir beide raadslede en amptenare, maar ongelukkig lyk dit of onetiese gedrag erger word en dit kan die vertroue van die publiek belemmer.

Een van die kernwaardes van Bergrivier Munisipaliteit is, "Ons glo in etiese gedrag". Kernswaardes inisieer waardeskeppende pogings aangesien werknemers geïnspireer voel om te doen wat reg is, selfs wanneer die regte ding moeilik is om te doen. Etiese gedrag word vanuit die topstruktuur van 'n organisasie gedryf. In Bergrivier Munisipaliteit glo ons in waardegedrewe leierskap en om die regte toon van etiese gedrag van bo af aan te gee, regdeur die hele organisasie.

**Wat is etiese gedrag?**

'n Persoon wat etiese gedrag toon, het bewyse van 'n sterk morele kode en 'n konsekwente stel waardes. Etiek kan gelei word in geloof of die strewe om die wêreld beter te maak. Diegene wat etiese gedrag uitbeeld, doen die regte ding, ongeag of hulle krediet daarvoor kry of daarvoor gediskrediteer kan word. Hierdie soort gedrag is nie net beperk tot die werksplek nie, maar kan in elke aspek van die lewe toegepas word. In 'n munisipale omgewing is etiese gedrag van toepassing op enige werknemer, toesighouer, bestuurder, direkteur of raadslid. Hulle moet gedrag toon wat eerlik en regverdig is in hul verhoudings met hul kollegas en die gemeenskap. Om goeie etiese gedrag te toon het 'n uitwerking op munisipale moraal en kliënteverhoudings. Dit is makliker vir 'n munisipaliteit om werknemers te behou wanneer hulle vir 'n munisipaliteit werk waarin hulle glo en waar etiese gedrag sterk is.

Goeie nuus kom van organisasies met etiese werksplekkulture waar vertroue in topbestuur hoog loop wat goeie bestuur, goeie dienslewering en finansiële volhoubaarheid tot gevolg het. Om dit eenvoudig te stel: Hoë etiek skep hoë vertroue, hoë vertroue skep hoë prestasie. Bergrivier Munisipaliteit streef werklik na die bereiking van hoë prestasie en gevolglik word dit ook gedemonstreer deur ses (6) agtereenvolgende skoon oudits van die Ouditeur-generaal te verkry.

Gedurende Junie 2022 sal die munisipaliteit fokus op etiekbewusmaking deur die belangrikheid van etiese gedrag te demonstreer en te beklemtoon en verder 'n etiese werksplekkultuur te skep. Etiek sluit werk, speel, gesin, onderwys, gemeenskap, politiek en aanbidding in. Deur etiese gedrag te bevorder gee ons uitvoering aan ons visie: "'n Vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier".

L**ede van die publiek word aangemoedig om onetiese gedrag aan te meld by die Uitvoerende Burgemeester, Raadsheer Ray van Rooy, by 083 657 9615, of die Munisipale Bestuurder, Adv. Hanlie Linde by 082 448 1231/ 022 913 6011 of by die Interne Ouditeur, Cindy Ranna by 022 913 6002 of per e-pos: Rannac@bergmun.org.za**

JUNE 2022

# REDEDELINGHUYS KRY AMPTELIKE BERGFIETSROETE

*Deur Amerandi Valentyn*






Bergrivier Toersime het die nuwe Redelinghuis Bergfietsroete op 29 Maart 2022 bekend gestel. Die meerdaagse bergfietsroete begin by Piket-Bo-Berg en sny deur die klein plattelandse dorpies, Redelinghuys, Aurora, Kapteinskloof en Goedverwacht. Vir meer besonderhede oor die roete besoek Piketberg Toerisme se webtuiste by www. piketberg.bergriviertoerisme.co.za

---

# FREE E-BOOKS AVAILABLE ON THE LIBBY APP

With everything that can be done on the internet these days, we're keeping up with the trends. The Libby App allows book lovers to enjoy some of their favourite books on several different mobile devices or desktop computers. The process is simple, visit your Playstore App and install Overdrives's Libby App on your smart device (overdrive.com/apps/libby) and follow the instructions to retrieve the book you want.

Any individual with a library card can enjoy free access to the catalogue available through the Western Cape Library Service. Individuals who do not have a library card yet but wants to access the Libby App, must first join their local library and will thereafter be able to make use of the mobile service. Simply log into the Libby App using your library credentials.

When logging into the Libby App, use the full number on your library card as your username and your date of birth (dd.mm.yyyy, include full stops) as your password.

Please contact your nearest library for assistance with navigating the Libby platform.

**Contact numbers:**

**Piketberg Library** - 022 913 6093
**LB Wernich Library** - 022 913 6105
**Porterville Library** - 022 931 2100
**Bettie Julies Library** - 022 931 2100
**Velddrif Library** - 022 783 1112
**Noordhoek Library** - 022 783 1112
**Redelinghuys Library** - 022 962 1605
**Aurora Library** - 022 952 1720
**Eendekuil Library** -022 942 1780

# UIT DIE PEN VAN DIE BURGEMEESTER



*Deur Amerandi Valentyn*

Een van die belangrikste gebeurtenisse in Suid-Afrika is wanneer die Sensus gedoen word, wat vereis dat alle burgers in die land getel moet word. Die Wes-Kaap en meer spesifiek die Weskus Distrik (insluitend Bergrivier Munisipaliteit) is net oor die die 80% merk (Sensus 2022) wat 'n groot impak het op die aantal befondsing wat provinsies en munisipaltieite sal kan ontvang vanaf Nasionale Regering vir verskeie dienste. U kan wag om deur 'n StatsSA -veldwerker besoek te word of u kan *getcounted.statssa.org.za* besoek om die vraelys self te voltooi. Dit is kardinaal belangrik dat almal getel word.

Die veiligheid van ons gemeenskappe is baie belangrik. Die misdaadsyfers wat styg in ons gebied steek ons almal soos 'n mes deur die hart. Kom ons leef nader aan mekaar, sien om na mekaar en meer belangrik, kom ons wees lief vir mekaar. Alleen sal ons nie misdaad kan bekamp nie. Laat ons die sosiale euwels in ons gemeenskappe hokslaan en 'n veilige omgewing skep vir almal.

Ons het 'n groot onwettige storting uitdaging in ons dorpe wat veroorsaak dat die Munisipaliteit baie geld moet uitgee om hierdie kwessie aan te spreek. Onwettige storting is nie net sleg vir toerisme en vir die beeld van 'n dorp nie, maar dit het ook negatiewe gesondheids-implikasies vir huishoudings wat naby aan hierdie *hotspots* bly of kinders wat op hierdie plekke speel. Plaas asseblief u rommel uit op die dae wat die Munisipaliteit u rommel afhaal en gooi asseblief u rommel in 'n vullisdrom. Onthou om u herwinbare materiaal in die deurskynende sak te plaas vir herwinningsdoeleindes.

Dit is kommerwekkend dat voorvalle van vandalisme en kabeldiefstal teen 'n onrusbaarlike tempo toeneem in die Bergrivier Munisipale Gebied. Dit is nie net 'n duur proses om toerusting en kabels wat gevandaliseer en gesteel word, te vervang nie, maar dit veroorsaak 'n gebrek aan basiese dienste. Ons moedig inwoners aan om eienaarskap te neem van alle munisipale fasiliteite en om insidente van vandalisme en kabeldiefstal onmiddellik te rapporteer. Kom ons staan saam om hierdie kriminele aktiwiteite hok te slaan. Enige persoon wat 'n insident van vandalisme en kabeldiefstal aan die Munisipaliteit rapporteer mag dalk beloon word as die inligting of bewyse direk tot skuldbevinding aan die misdaad lei.

Om insidente van vandalisme en kabeldiefstal of enige kriminele aktiwiteite rakende Bergrivier Munisipaliteit te rapporteer skakel die volgende Wetstoepassingnommers: **Piketberg:** 083 226 1067/ 083 661 9253; **Porterville:** 083 922 5213; **Velddrif (Ingesluit Dwarskersbos en Laaiplek):** 083 272 4128; **Redelinghuis:** 083 226 1067/ 083 661 9253; **Aurora:** 083 272 4128; **Eendekuil:** 083 922 5213; en **Goedverwacht & Wittewater:** 083 226 1067/ 083 661 9253.

## Municipal Notice: Indigent subsidies

Bergrivier Municipality would like to invite all households that want to register as needy households and are eligible for free basic services, to visit their nearest municipal office. Customers can apply for indigent subsidies if the total household income of all members of the household living on the premises is less than R5000 per month. If you qualify for this, your monthly bill will be subsidized by up to R563.51. This amount includes 6Kl of free water. Come and find out how the process works. For more information on indigent subsidies, call Mabel Fortuin (Piketberg) on 022 913 6061 or Estralita Schreuder (Porterville) on 022 931 8420 or Alecia Carstens (Velddrif) on 022 783 8313. We serve with pride and we are always there to help you!

## Munisipale Kennisgewing: Deernis-subsidies

Bergrivier Munisipaliteit nooi graag alle huishoudings wat as hulphoewende huishoudings wil registreer en vir gratis basiese dienste in aanmerking wil kom, om hul naaste munisipale kantoor te besoek. Verbruikers kan aansoek doen vir 'n deernis-subsidie indien die totale huishoudelike inkomste van alle lede van die huishouding wat op die perseel woonagtig is, minder as R5000 per maand is. Indien u kwalifiseer sal u maandelikse rekening met tot soveel as R563.51 gesubsidieer word. Hierdie bedrag sluit 6Kl gratis water in. Kom vind uit hoe die proses werk. Vir meer inligting oor deernis-subsidies, skakel Mabel Fortuin (Piketberg) by 022 913 6061 of Estralita Schreuder (Porterville) by 022 931 8420 of Alecia Carstens (Velddrif) by 022 783 8313. Ons dien met trots en ons is altyd daar om u te help!

# NEWLY APPOINTED INTERNAL AUDITOR: CINDY RANNA

*By Matthew Sheldon*

"I am here to provide independent and objective assurance, by evaluating and improving the effectiveness of governance, internal controls and risk management processes of Bergrivier Municipality ”.

So says, Cindy Ranna, Bergrivier Municipality’s newly appointed Internal Auditor. She was born in Wellington and recently qualified as a Certified Internal Auditor, which is the only globally recognised internal audit certification. This certification allows practitioners to optimally communicate knowledge, skills and competencies, to effectively carry out professional responsibilities within an internal audit space.

Ranna was appointed as from 01 March 2022 to serve in the position of Internal Auditor on a full-time basis. She studied Accounting at Stellenbosch University and obtained her degree in 2011. Ranna previously worked at Swartland Municipality for six years (6) in the Internal Audit Unit.

The Internal Audit Unit is responsible for evaluating the adequacy and effectiveness of controls in responding to risks with regards to achievements of the municipality's strategic objectives; reliability and integrity of financial and operational information; effectiveness and efficiency of operations and programs; safeguarding of assets and compliance with laws, regulations, policies, procedures and contracts.

“I would like to thank the Municipality for this opportunity. I understand the commitment that will be required from me in this position and know that I must work hard and be dedicated to deliver the best service I can. I plan to make a positive difference here," said Ranna.

The first observation that Ranna made upon entering the Bergrivier Municipal Area was the heat and, more importantly, the humble and friendly nature of the local people. "People here are extremely polite, welcoming and the towns are so clean. The roads are broad and interestingly I noticed no robots in Piketberg. Traffic flow is heavenly over here compared to other places," said Ranna.

During her free time, Ranna loves listening to music, travelling, braaiing and "me time".



**Bergrivier Municipality appointed Cindy Ranna as the new Internal Auditor.** Photo: Matthew Sheldon

More recently, Ranna was awarded the Top Achiever in the Western Cape (2021) for the Internal Audit Technican learnership program which demonstrates her understanding and commitment to the profession.

“I am extremely grateful to be in a position to make a difference in this organisation with my expertise and skills. I hope to add value to the various Directorates at Bergrivier Municipality, and assist in producing exemplary results in terms of the Municipality's strategic objectives,” said Ranna.

In conclusion, Ranna said: "I would like Internal Audit to enhance value creation, by focusing on quality using an agile auditing approach and not only focusing on the total reports that should be issued or compliance matters."

We wish her all the best in her new job at Bergrivier Municipality.

# BERGRIVIER CUP A MASSIVE SUCCESS IN PIKETBERG

*By Matthew Sheldon*

“We have a massive sporting community in Bergrivier Municipality”. These were the words of Alderman Ray van Rooy, Executive Mayor of Bergrivier Municipality, who mentioned that the Rhino Park Stadium in Piketberg was packed to capacity during the Bergrivier Rugby Cup 2022.

Approximately 2 000 spectators, players and guests visited Rhino Park Stadium on Saturday, 16 April 2022, to watch their favourite local rugby club take centre stage at the Bergrivier Easter Tournament.

A total of 12 teams from all over Bergrivier Municipality, namely Porterville, Piketberg, Wittewater, Velddrif, Goedverwacht, Redelinghuis, Piket-Bo-Berg, Eendekuil and Voëlvlei, entered the competition to stake their claim as being the best in their division.

The tournament consisted of three divisions namely, Division A, Division B, and Division C. The winner of Division A (Mayor’s Cup) was Velddrif Rugby Club, whilst Zebras from Piket-Bo-Berg won Division B (Chairperson Cup) and Flying Eagles from Eendekuil won Division C (Community Cup). The best players on the day were: Curshwill Amos (best backline player from Mountain Eagles); Ruan West (best forward player from Flying Eagles); and Fabio Africa (best player of the day from Velddrif Rugby Club).



**CAPTION:** Velddrif Rugby Club were the winners of Division A at the Bergrivier Rugby Cup 2022. Approximately 2 000 spectators, players and guests visited Rhino Park Stadium on Saturday, 16 April 2022, to watch their favourite local rugby club take centre stage at the Bergrivier Easter Tournament.

Van Rooy mentioned that he is extremely impressed with the discipline showed by all the players on the pitch and couldn’t be happier with the support that showed up on the day. “The importance of sport in people’s lives cannot be overstated. It brings joy, hope and unites our communities. Sport is a healthy way of exercising and leading a balanced lifestyle, together with keeping young people away from social ills that lurk in society. It is my hope that this tournament will grow from strength to strength and inspire other young people to take up sport and support local rugby talent."

“We take this opportunity to share our appreciation to the Bergrivier Sport and Recreation Association for their partnership. Our gratitude to the staff working from SAPS, EMS, law enforcement, our colleagues at Bergrivier Municipality, the donors, the volunteers, the participating rugby teams and most importantly the fans both at the tournament and who watched online," concluded Van Rooy.



**CAPTION:** The Flying Eagles from Eendekuil were the winners of Division C at the Bergrivier Rugby Cup 2022.



**CAPTION:** Zebras from Piket-Bo-Berg were the winners of Division B at the Bergrivier Cup 2022.

# Bergrivier Munisipaliteit – Strategiese Visie

## 2021—2026

### Visie

Bergrivier! 'n Vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil werk, leef, leer en speel op 'n menswaardige manier.

### Doelstellings

### Leuse

Ons dien met trots!
We serve with pride!
Sisebenza Ngocuzingca!



Strengthen financial sustainability and further enhancing good governance



Facilitate an enabling environment for economic growth to alleviate poverty



Sustainable service delivery



Promote a safe, healthy, educated and integrated community



A sustainable, inclusive and integrated living environment

### Kern waardes:

**Menswaardigheid, innovering, eerlikheid, goeie diens, samehorigheid, respek**

### Tema 2022:

**Jaar van voortgesette positiewe vennootskappe vir 'n menswaardige toekoms!**

BERGRIVIER

MUNISIPALITEIT | MUNICIPALITY | UMASIPALA

*'n Vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.*

***Ons dien met trots!***



BERGRIVIER

MUNISIPALITEIT | MUNICIPALITY | UMASIPALA

*Uluntu oluphumelelayo apho bonke bafuna ukuhlala, ukufunda, ukusebenza kunye nokudlala ngendlela enesidima.*

***Sisebenza Ngokuzingca!***



BERGRIVIER

MUNISIPALITEIT | MUNICIPALITY | UMASIPALA

*A prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.*

***We serve with pride!***



